AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL NOVEMBER 2009
VRAESTEL 1

Begrip

Oor die algemeen goed beantwoord, maar

- kandidate begin nie elke vraag op 'n nuwe bladsy nie. Dit is van kardinale belang.
- instruksies word nie gevolg nie, bv. reëls word nie oopgelaat tussen antwoorde nie, vrae word nie in die korrekte volgorde beantwoord nie en kandidate versuim om die vraagnommers neer te skryf.
- aangehaalde woorde word verkeerd oorgeskryf.
- kandidate het gebrekkige woordeskat en kan nie hulself uitdruk of standpunt inneem nie. Dit is 'n belangrike aspek, aangesien daar so baie opinie-vrae is.
- baie spelfoute word gemaak, selfs wanneer kandidate woorde direk van die vraestel af skryf.
- interpretasie-vrae word swak beantwoord.
- kandidate sukkel om hulself uit te druk en haal gevolglik bykans 'n hele paragraaf aan of skryf die dele van die leesstuk oor wat die vraag impliseer.

Opsomming

- Kandidate dui nie duidelik aan wat die finale poging is nie. Dit gebeur dikwels dat die proefpoging dan nagesien moet word.
- Die korrekte formaat moet gebruik word.
- Kandidate weet nie wat 'n volsin is nie. Werkwoorde, lidwoorde en voornaamwoorde word uitgelaat.
- Aantal woorde word nie aangedui nie of word dikwels oorskry.
- Nalatige taalfoute word gemaak.
- Herhaling van feite kom voor.
- Reëls word nie tussen feite of punte oopgelaat nie.
- kandidate skryf meer as een sin oor dieselfde feit
- Kandidate gee nie slegs een feit per sin nie.
- Algemene foute word met die volgende gemaak:
  - ✓ woordorde
  - ✓ punt aan die einde van 'n sin
  - ✓ woordkeuse, bv. het/hê, se/sê
  - ✓ leestekens
  - ✓ hoofletters aan die begin van sinne
  - ✓ gebruik van voornaamwoorde
  - ✓ gebruik van voorsetsels
  - ✓ infinitiewe en die woordorde daarvan

Taal

Die sinstrukture is bevredigend beantwoord, maar die woordstrukture is uiters swak beantwoord.
Kandidate toon gebrekkige kennis van

- vorme van ontkenning
- voegwoorde en sinsorde wanneer voegwoorde gebruik word
- leestekens
- intensiewe vorme – woorde word ook nog dikwels apart geskryf
- lydende en veral bedrywende vorm. Bykans geen kandidate kon die sin in bedrywende vorm oorskryf nie.
- direkte en indirekte rede
- infinitiewe (Baie gebruik "om" na "behoort" en "te vul" as een woord.)
- voorsetsels en voorsetselgroepe
- tye
- los- en vasskryf van woorde en die betekenisverskil
- woordorde van tyd, wyse en plek
- punte, al dan nie, by afkortings
- sinonieme en antonieme
- deelteken en ander skryftekens

- sinstrukture (Die hele sin moet oorgeskryf word en nie net die gedeelte tussen hakies nie, want dit voorkom onnodige foute.)
- vraagwoorde en die gebruik van vraagtekens
- bevelsvorm – bykans geen kandidaat kon dit doen nie
- die gebruik van betreklike voornaamwoorde in byvoeglike bysinne

Vraag 7

- Kandidate ken nie terme soos *gevoels-, manipulerende* en *idiomatiese* taal nie.
- Stereotipering moet aandag geniet.
- Aandag moet aan kritiese taalbewustheid geskenk word.
- Die terme *denotatief* en *konnotatief* moet verduidelik word.

Algemene opmerkings

- Reëls moet tussen antwoorde oopgelaat word.
- Elke nuwe vraag moet op 'n nuwe bladsy begin.
- Vrae moet korrek genommer word.
- Kandidate moet verkieslik die vrae in vraestelvolgorde beantwoord.
- Handskrifte is soms moeilik om te lees.
- Werk is soms onnet, bv. wanneer daar doodgetrek word.
- Slegs die eerste antwoord word gemerk.
- Leestekengebruik is baie swak.